## PERSPEKTIEF

*Dit was 'n gelukkige keuse van die komitee vir interfakultêre lesings om 'n slag die teleskoop om te draai en die universiteit self in oënskou te neem. In die lesings wat in hierdie uitgawe gepubliseer word kom 'n hele paar nuwe beskouings na vore en word die universiteit ten regte in die branding van die lewe geplaas.*

*Die universiteit is 'n instelling uit en vir die maatskappy waarin dit staan. Dit is die instrument waarmee die maatskappy sy voortstuwing in sy eie voortbestaan bewerkstellig en bestendig. Dat die universiteit los van die sosiale struktuur kan wees is ondenkbaar. Dit is ook die kanaal van realisering van sekere ideale in die hart van 'n volk of nasie. Daarom moet dit sy wortels hê in die lewe van die volk, en kan dus nie sy funksie vervul sonder die wisselwerking uit en vir die volk nie. Die universiteit kan nie in 'n lugleegte bestaan nie, want sy twee komponente — studente en dosente, bepaal sy karakter, sy standaard en sy doelwitte. Hy is dus verbind aan die realiteit van die lewe in en rondom hom.*

*Die verbintenis met die menslike behoeftes en ideale is deurslaggewend vir die aard van die universiteit: saam met die wetenskaplike wat dit nastreef is die weg waarlangs aan hierdie behoeftes bevrediging gegee en die ideale verwesenlik word die belangrikste faset daarvan. En dit bepaal sy professionele aard. Op 'n sekere stadium lyk dit of die werksaamhede van 'n universiteit hoofsaaklik gaan om die beoefening van die wetenskap, maar grondleggend daaraan is die behoefte om leiers te kweek op die verskillende terreine van die lewe. Na my beskeie mening gaan laasgenoemde voorop. Selfs in die werksaamhede waar die leiergedagte nie op die voorgrond staan nie, lê dit tog fundamenteel as 'n motivering. Die leiding wat 'n persoon ontvang aan 'n*

*universiteit moet uiteindelik, vroeër of later, uitkristalliseer ten voordele van die werk wat hy doen, al sou dit ook net 'n breë agtergrond gee. En in die vormende funksie van die universiteit is daar nog 'n sterker doelgerigtheid op die latere professie van die studente.*

*So was dit van die vroegste tye af toe die universiteit sy geboortejare ondervind het, en veral in die middeleeue toe hy sy formele beslag gekry het. Die verankerdheid aan die lewe het die groei gewaarborg en sy dinamiese inslag gegee. Daar bestaan dus nie so iets soos ivoortorings waarin die universiteit opgesluit kan word nie. Wat wel bestaan is eienaardige strukture waarin die maatskappy hom kan bevind, en wat sy keersy in die universiteit vind.*

*Die universiteit kan ook nie 'n hoër vlug neem as die maatskappy waarin dit staan nie; tewens in 'n sekere sin is dit die spieëlbeeld daarvan. Deesdae word dit ook aangesien as 'n prestige-simbool van 'n volk, en vind ons die eienaardige verskynsel dat 'n universiteit op 'n volk afgedwing word. Dit hou die gevaar in dat die universiteit 'n kunsmatige bestaan voer los van die volk. Teenoor die buitewêreld kan dit 'n valse beeld skep terwyl dit in die volk self frustrasie kan bewerkstellig. Hierdie soort universiteit kan maklik afgestem word tot 'n inrigting vir professionele opleiding.*

*Die ideaal vir 'n universiteit moet dus wees om deur wetenskaplike leiding sy studente ryp te laat word vir hulle roeping in die lewe, om daardie insig te gee wat van die student 'n selfdenkende leier van die gemeenskap maak. Dit is 'n standaard veel hoër as blote professionalisme, maar tog nie los van die lewensroeping nie.*

*'n Belangrike taak van die universiteit is ongetwyfeld die ontwikkeling van beginsels waarvolgens die ordening van wetenskaplike feite gedoen en gewaardeer kan word. Miskien is dit die moeilikste opdrag van almal, want hierdie beginsels moet nie alleenlik die wetenskaplike maar ook normatiewe basis vorm. Die eintlike vorming van die student en*

*selfs bevordering van die wetenskap hang grotendeels hiervan af. Gesien in die lig hiervan is dit 'n ope vraag of die studierigtings waarin basiese wetenskaplike en normatiewe beginsels 'n deurslaggewende rol speel, nie a l m a l tuis hoort by die universiteit nie, in plaas van by inrigtings waar blote professionele opleiding die doelwit is. As dit kan gebeur, voorspel ek 'n kultuurinslag van veel hoër peil as waar versplinterde opleiding gegee word.*

*W. N. Coetzee.*

*P.U. vir C.H.O.*